As sodanig hang die algehele sukses daarvan ook af van die gladde oordrag van verantwoordelikhede aan die nuutverkose komitee.

Die implementering daarvan gaan gekenmerk word deur 'n snelveranderende omgewing wat voortdurend aan die samelewing in die algemeen, sowel as individue wat veronderstel is om uit ons werk voordeel te trek, 'n Covid-19-pandemie-geïnduseerde "nuwe normaal" bekendstel.

Die "nuwe normaal" noodsaak vlugvoetige denke en innovering vir die implementering van die program en ons het die nodige voorsiening hiervoor gemaak.

Danksy die geleentheid vir innoverende gebruik van tegnologie in kommunikasie en onderwys, is ons vol vertroue dat belangrike belanghebbendes sinvol aan verskillende aspekte van hierdie plan sal deelneem.

Ons maak ook staat op die administratiewe ondersteuning van die Departement van Kultuursake en Sport, aangesien hierdie komitee met verloop van tyd gaan ontwikkel om meer verantwoordelikhede as 'n volwaardige rekenpligtige gesag te aanvaar.

As 'n voortsetting van die werk wat in die vorige jaar gedoen is, is hierdie plan gerig op die uitbreiding van die vooruitgang wat die afgelope jare gemaak is om vennootskap tussen verskillende belanghebbendes te bevorder en om voort te bou op die grondslag wat gelê is om maatskaplike integrering te bevorder. Ons bly optimisties oor die suksesvolle implementering van hierdie plan.

Nkosikhulule Xhawulengweni Nyembezi
Voorsitter van die Wes-Kaapse Taalkomitee
Namens die Rekenpligtige Gesag:
Wes-Kaapse Taalkomitee

AMPTELIKE AFTEKENING

Daar word hiermee gesertifiseer dat hierdie jaarlikse prestasieplan:

- ontwikkel is deur die Wes-Kaapse Taalkomitee onder leiding van Minister Anroux Marais;
- ag slaan op alle tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Wes-Kaapse Taalkomitee verantwoordelik is;
- 'n akkurate weerspieëeling is van die impak, uitkomste en uitsette wat die Wes-Kaapse Taalkomitee van voorneme is om in die tydperk 2021/22 te behaal.

Brenda Rutgers
Hoof- Finansiële Beampte

Nkosikhulule Xhawulengwini Nyembezi
Voorsitter van die WTK
Namens die Rekenpligtige Gesag: Wes-Kaapse Taalkomitee

Brent Walters
Rekenpligtige Beampte van die Departement van Kultuursake en Sport (DKES)

Goedgekeur deur:

Anroux Marais
Uitvoerende Gesag van die WTK

AKRONIEME

DKES	Departement van Kultuursake en Sport
LUR	Lid van die Provinciale Uitvoerende Raad
MTSR	Mediumtermyn- strategiese raamwerk
NOP	Nasionale ontwikkelingsplan
PanSAT	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
PTK	Provinciale Taalkomitee van PanSAT
PSP	Provinciale strategiese plan
UNESCO	Verenigde Nasies se opvoedkundige, wetenskaplike en kulturele organisasie
VIP	Visie-geïnspireerde Prioriteit
WTKT	Wes-Kaapse Taalkomitee
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999

1. BYWERKINGS VAN DIE TERSAAKLIKE WETGEWENDE EN BELEIDSMANDATE

1.1 Konstitusionele mandate

Artikel	Beskrywing
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 6(3),(4) en (5): Taal	Die Wes-Kaapse Regering moet by wyse van wetgewende en ander maatreëls sy gebruik van ampelike tale reguleer en monitor. Alle ampelike tale moet gelyke aansien geniet en moet billik behandel word. Die WKTK werk saam met die Pan-Suid-Afrikaanse Taalkomitee om die Khoi-, Nama- en San-tale, en Suid-Afrikaanse Gebaretaal, te bevorder en toestande te skep vir die ontwikkeling en gebruik daarvan. Die WKTK in samehang met die Departement van Kultuursake en Sport is daarvoor verantwoordelik om die implementering van die Wes-Kaap Taalbeleid, soos aanvaar in 2005, te monitor en te evalueer en moet minstens een keer per jaar aan die Wes-Kaap Provinciale Parlement oor hierdie mandaat verslag doen. Die WKTK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die komitee verleen.
Artikel 30: Taal en kultuur	Die WKTK faciliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hul taal- en kultuurregte uit te oefen deur die programme en projekte wat hy aanbied en bevorder.
Artikel 31: Kultuur-, godsdienst- en taalgemeenskappe	Die WKTK moet verseker dat sy programme en projekte die kulturele diversiteit van die bevolking van die Wes-Kaap respekteer.
Artikel 41: Beginsels van samewerkende regering en tussen-regeringsverhoudinge	Die WKTK werk saam met alle regerigsfere in die uitvoering van sy mandaat.
Bylae 4: Funkisonele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid	Wat betref taalbeleid en die regulering van ampelike tale vir soverre as wat die bepalings van artikel 6 van die Grondwet duidelik wetgewende bevoegdheid oordra op die Wes-Kaap Provinciale Parlement, werk die WKTK nou saam met die Nasionale Departement van Kuns en Kultuur en verwante staatsorganisasies oor taalsake.
Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheers	DKES-amptenare verantwoordelik vir die uitvoering van die mandaat van die WKTK moet die doeltreffende, ekonomiese en doelmatige gebruik van hulbronne verseker. Programme wat in die openbare sektor onderneem word, moet die maksimum voordele teen die laagste moontlike koste oplewer.
Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998)	
Artikel 5	<p>Vir die doeleindes van die Wes-Kaapse Regering moet:</p> <ul style="list-style-type: none"> a. die ampelike tale Afrikaans, Engels en isiXhosa gebruik word; en b. hierdie tale gelyke status geniet. <p>Die WKTK moet die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa in die Wes-Kaap monitor.</p> <p>Die WKTK moet ook praktiese en positiewe maatreëls implementeer om die status en die bevordering van die gebruik van daardie inheemse tale waarvan die status histories gekompromiteer was te verhef.</p>
Artikel 81(d)	Die Wes-Kaapse Regering moet beleidsrigtings, insluitend beleide wat daarna streef om die bevordering van respek vir die regte van kulturele, godsdienstige en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap te vermag, om die welstand van die mense van die Wes-Kaap aktief te bevorder en in stand te hou, goedkeur en in werking stel. Hierdie beleidsrigtings sluit in beleide wat daarop gemik is om die respek vir die regte van kulturele, godsdienstige en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap te bevorder.

1.2 Wetgewende mandate

Wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), 1999	Wet 1 van 1999	Die WKTK dien kwartaallikse en jaarlikse verslae in oor sy prestasies en geouditeerde finansiële state op grond van die strategiese doelwitte vir elke boekjaar.
Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, 2012	Wet 12 van 2012	Hierdie Wet is spesifiek van toepassing op nasionale departemente, nasionale openbare entiteite en nasionale openbare ondernemings. Indien aspekte van die Wet 'n impak sou hê op taalbeleid en praktyk in die Wes-Kaap, sou die WKTK 'n mandaat hê om 'n rol te speel.
Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995	Wet 59 van 1995	Die Wes-Kaapse Taalkomitee word deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad erken. Hierdie Wet vereis, onder andere, dat die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) 'n provinsiale taalkomitee (PTK) in elke provinsie stig. 'n Wes-Kaapse PTK is in Augustus 2019 gestig.
Wes-Kaapse Proviniale Talewet, 1998	Wet 13 van 1998	Die WKTK moet, onder ander: <ul style="list-style-type: none"> • die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa deur die Wes-Kaapregering monitor; • aanbevelings doen aan die LUR (Lid van die Uitvoerende Raad) en die Proviniale Parlement oor voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyk en beleid wat direk of indirek op taal in die Wes-Kaap betrekking het; • aktief die beginsel van veeltaligheid bevorder; • die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder; • die LUR en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie oor taalsake in die provinsie adviseer; en • PanSAT oor taalsake in die Wes-Kaap adviseer.
Wet op die Suid-Afrikaanse Taalpraktisyensraad, 2014	Wet 8 van 2014	Wanneer die Suid-Afrikaanse Taalpraktisyensraad gevestig is, sal dit die mag hê, onder ander, om taalpraktisyens te registreer en te akkrediteer, om 'n gedragskode in plek te stel en om taalpraktyk te reguleer.
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000	Wet 2 van 2000	Hierdie wet bring die reg op toegang tot rekords wat deur die staat, regeringsinstellings en private liggeme gehou word, tot uitvoering. DKES en alle ander openbare en private liggeme moet, onder ander: <ul style="list-style-type: none"> • 'n handleiding saamstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om 'n aansoek om toegang tot inligting wat deur daardie liggam gehou word, aanhangig te maak; en • 'n inligtingsbeampte aanstel om versoek om toegang tot inligting wat deur die liggam gehou word, te oorweeg.
Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000	Wet 3 van 2000	Hierdie Wet: <ul style="list-style-type: none"> • sit die reëls en riglyne uiteen wat deur die administrateurs gevold moet word wanneer besluite geneem word; • verwag van administrateurs om mense in te lig oor hul reg tot hersiening of appèl en hul reg om redes te versoek; • verwag van administrateurs om redes vir hul besluite te verstrek; en • verleen aan lede van die publiek die reg om die besluite van administrateurs in 'n hof te bevraagteken.

Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013	Wet 4 van 2013	<p>Die Wet bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private liggende verwerk word; om sekere voorwaardes in te stel ten einde minimum vereistes vir die verwerking van persoonlike inligting daar te stel. Die wet maak ook voorsiening vir die instelling van 'n inligtingsreguleerder om sekere bevoegdhede uit te oefen en sekere pligte en funksies uit te voer ingevolge hierdie Wet en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000.</p> <p>Die Wet maak verder voorsiening vir die uitreiking van gedragskodes; vir die regte van persone rakende ongevraagde elektroniese kommunikasie en outomatiese besluitneming; om die vloei van persoonlike inligting oor die grense van die Republiek te reguleer; en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.</p>
Wet op Tradisionele en Khoisanleierskap, 2019	Wet 3 van 2019	<p>Die Wet maak voorsiening vir:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die erkenning van tradisionele en Khoisan-gemeenskappe, leierskapposities en vir die terugtrekking van sodanige erkenning; • die funksies en rolle van tradisionele en Khoisan-leiers; • die erkenning, vestiging, funksies, rolle en administrasie van koningskap of koninginskap rade, die vernaamste tradisionele rade, Khoisan-rade en tradisionele subrade, asook die ondersteuning van hierdie rade; • die vestiging, samestelling en funksionering van die Nasionale Huis van Tradisionele en Khoisan-leiers; • vestiging van provinsiale huise van tradisionele en Khoisan-leiers; • die vestiging en samestelling van plaaslike huise van tradisionele en Khoisan-leiers; • die vestiging en bedryf van die Kommissie oor Khoisan-aangeleenthede; • 'n gedragskode vir lede van die Nasionale Huis, provinsiale huise, plaaslike huise en alle tradisionele en Khoisan-rade; en • reguleringsbevoegdhede van die Minister en Premiers

1.3 Beleidsmandate

INTERNASIONALE EN NASIONALE BELEIDSKONTEKS

Die verklaring van 'n nasionale rampstaat as gevolg van die Covid-19-pandemie het die voltooiing van sommige van die Proviniale Strategiese Plan (2019-2024) se intervensies, programme en projekte in gevaar gestel. Alhoewel die Proviniale Strategiese Plan (PSP) steeds 'n leidende dokument is, het die WKR met 'n Herstelplan vorendag gekom. Hierdie plan gaan fokus op werkskepping, veiligheid en welstand.

KONTEKS VAN PROVINSIALE BELEID

Proviniale Strategiese Plan (PSP) 2019 - 2024

Die komitee se uitkomsaanwyser hou verband met die dienste en programme van die Departement van Kultuursake en Sport, wat op sy beurt verband hou met die Wes-Kaapse regering se PSP-visieëngespireerde prioriteite (VIP's), veral

met betrekking tot VIP 1: Veilige en samehorige gemeenskappe en VIP 3: Bemagtig mense. Laasgenoemde VIP poog om baie van die sosiale risikofaktore aan te spreek, deur ekonomiese insluiting en opvoedkundige bemagtiging wat ook individuele, gesins- en gemeenskapsveerkragtigheid teen geweld kan opbou.

Ten einde hierdie doelstellings te bereik, sal die komitee sy toesighoudende rol van provinsiale regeringsdienste verrig om te verseker dat die Wes-Kaapse taalbeleid nagekom word. Deur die bevordering van en bemagtiging deur moedertaalonderrig sal die komitee bydra tot geleenthede vir inwoners van die Wes-Kaap om hul lewens en ander se lewens te vorm, om 'n sinnvolle en waardige lewensbestaan te verseker, wat op hul beurt maatskaplik samehorige gemeenskappe sal ontwikkel.

2. OPDATERING VAN DIE INSTITUSIONELE BELEIDE EN STRATEGIEË

Artikel 6 van die Grondwet van Suid-Afrika, 1996, versterk die belangrikheid van taal vir ons land. Taal is 'n belangrike hulpmiddel vir kommunikasie, wat die sukses van onderwys ondersteun, wat op sy beurt 'n invloed het op maatskaplike insluiting en alle strategiese prioriteitsareas van die regering. Verder is die verskeidenheid van ons kulture en die kennis van ons verskillende gemeenskappe in taal vasgelê en is dit van kritieke belang vir die oordrag van kulture en waardes van een geslag na die volgende geslag. Alhoewel dit in die Grondwet vasgelê is as 'n mensereg en beskerm word deur

nasionale en provinsiale wetgewing, is dit belangrik om voort te gaan met die bewusmaking en om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid en die Taalgedragskode te verseker.

Die WKTK is op 1 Junie 2001 as 'n Skedule 3, Deel C, provinsiale openbare entiteit gelys ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999. Die komitee is onder die strategiese leiding van die Minister as die Uitvoerende Gesag en doen verslag deur die Hoof van die Departement van Kultuursake en Sport. Die prestasie van die WKTK word deur DKES gemonitor.

Die volgende Departementele beleide is van toepassing op die WKTK:

Beleid	Beskrywing
Gedragskode vir WKTK-lede	Die hoofdoel van die Gedragskode is om voorbeeldige gedrag onder lede te bevorder ten einde institusionele geloofwaardigheid aan die WKTK te verleen.
Beleid oor Inkomste en Gebruik	Om 'n raamwerk daar te stel vir die Rekenpligtige Gesag van die WKTK om inkomste ekonomies en effektief te bestuur en om die volle benutting van bates onder die beheer van die Komitee te bevorder.
WKTK-delegasies	Delegering van mag uitgereik deur die Rekenpligtige Beamppte ingevolge artikel 44(1) en 44(2) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999.
Wesenlikheidsraamwerk	Die Rekenpligtige Gesag moet 'n raamwerk van aanvaarbare vlakke van wesenlikheid en betekenis in oorlegpleging met die Uitvoerende Gesag en eksterne ouditeure ontwikkel en eenstemmigheid bereik oor die inhoud.
Bedrogvoorkomingsplan	Hierdie beleid verskaf responsmeganismes om insidente van bedrog wat die WKTK affekteer te rapporteer, te ondersoek en op te los.
Vergoeding van Lede	Om 'n raamwerk daar te stel vir die vergoeding van WKTK-lede wat benoem is om konferensies, projekte, vergaderings en werkswinkels namens die Komitee by te woon.

3. TERSAAKLIKE HOFUITSPRAKE

Nie van toepassing

4. OPGEDATEERDE SITUASIE-ONTLEDING

4.1 Ontleding van eksterne omgewing

POLITIEKE FAKTORE

Die nasionale en provinsiale regering het die belangrikheid van taal vir ons land beklemtoon in ooreenstemming met die grondwetlike imperatiewe. President Ramaphosa het tydens die 2019-Erfenisvieringe en in ooreenstemming met VNOWKO se verklaring van 2019 as die "Internasionale Jaar van Inheemse Tale" beklemtoon hoe die bevordering van inheemse tale gebruik kan word om die land se erfenis te bewaar. Hy het SuidAfrikaners aangemoedig om hul tale te leer om hul identiteite te kan verstaan.

Die WKTK erken die toesighoudende rolle wat deur die betrokke Staande Komitees verrig word en neem steeds kennis van terugvoering oor verbeterings wat nodig is ten einde die mandaat van die Komitee uit te voer.

EKONOMIESE FAKTORE

Die verklaring van 'n nasionale rampstaat as gevolg van die Covid-19-pandemie het 'n geweldige impak op die reeds beperkte finansiële hulpbronne van die WKTK gehad. Die WKTK gaan die finansiële impak versag deur te fokus op die versterking van samewerkingsverhoudings met tersaaklike entiteite wat soortgelyke mandate gemeen het om hulpbronne in werking te stel vir groter impak. Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad het ingevolge Artikel 8 (8)(a) van die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 59 van 1995 'n Wes-Kaapse Provinciale Taalkomitee (PTK) in Augustus 2019 gestig. Dit skep 'n geleentheid vir die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad PTK, die Wes-Kaapse Taalkomitee en die Departement om saam te werk en hulpbronne en kundigheid saam te voeg. Dit gaan 'n groter impak hê op die in werking stelling van die Komitee se sleutelprioriteite, veral in 'n streek waar sommige inheemse tale 'n buitengewoon hoë gevær van uitsterwing in die gesig staar.

SOSIALE FAKTORE

Die Covid-19-pandemie het nuwe veiligheidsprotokolle bekendgestel wat die werk van die Komitee met betrekking tot sy programme en projekte, wat dikwels direkte kontak met burgers vereis, aan bande gelê het. Die Komitee moes dus innoverende strategieë aanwend om sy teikens te bereik.

VNOWKO se verklaring van 2019 as die "Internasionale Jaar van Inheemse Tale" het groter klem op hierdie baie belangrike onderwerp vir Suid-Afrika geplaas. Dit het ook gefokusde en intense debatte uitgelok. Die Komitee gaan sy werk in hierdie gebied konsentreer. Bewyse van sy verbintenis tot hierdie agenda is te bespeur in 'n nuwe onafhanklike aanwyser vir die Komitee wat hoofsaaklik op die bevordering van inheemse tale konsentreer.

IsiXhosa, wat deur 16 persent van die bevolking gepraat word, is Suid-Afrika se tweede mees gesproke huistaal, met die meerderheid van die sprekers wat in die Oos- en Wes-Kaap woon, terwyl Afrikaans deur 13,5 persent van Suid-Afrikaners gepraat word. Alhoewel minder as 10 persent van Suid-Afrikaners Engels as hul moedertaal praat, is dit steeds die primêre kommunikasiemiddel in die land. Kinders word in Engels onderrig en daar word van hulle verwag om te leer uit handboeke wat hoofsaaklik in Engels geskryf is. Die meerderheid van leerders wat 'n Afrikataal praat, skakel oor na Engels as hul primêre leertaal in Graad 4. Verdere ontleding van hierdie statistiek is nodig, veral gegewe ons uiteenlopende kulture en tale met die oog op die langtermyn om ons huidige uitdagings aan te pak, sodat inheemse moedertaalgebruik op alle terreine van ons lewens bevorder word, waardeur ons sosiale kwale aangespreek word, ons mense bemagtig word en uiteindelik bydra tot die verbetering van ons ekonomie. Die WKTK is daar toe verbind om met beleidmakers en entiteite in die taalgebied saam te werk om by te dra tot 'n eenvormige benadering tot hierdie fundamentele kwessie.

Daar word gekyk na inisiatiewe om die taal van die San en Khoi te bevorder. Daar is min sprekers in die land (ongeveer 167 000) wat hierdie tale kan praat, en daarom moet innoverende geleenthede aangewend word om hierdie tale te bevorder. Daar is 'n Khoekhoegowab uitdrukking wat as volg lui: "uiGui gowa-l ge tatse † âusa tama hâ" (een taal is nooit genoeg nie).

Die fokus op die bevordering van Suid-Afrikaanse Gebaretaal bly altyd 'n prioriteit vir die komitee. Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad het 'n Suid-Afrikaanse Gebaretaalhandves in 2020 van stapel

gestuur. Hierdie handves skep verpligtinge wat gebaretaal meer algemeen beskikbaar gaan maak in uiteenlopende situasies. Die komitee gaan hierdie kwessie meer omvattend aanspreek en ook voortgaan om ander moontlikhede te ontleed om die dowe gemeenskap te bemagtig.

TEGNOLOGIESE FAKTORE

Die Covid-19-pandemie het ons genoodsaak om ons werk op 'n nuwe manier te doen. Die Komitee gaan geleenthede ondersoek om aanlynvergaderings te hou en betrokke te raak by aanlynplatforms wat samewerking bevorder om kostes te beperk.

WETLIKE EN REGULATORIESE OMGEWING

Die Wet op Tradisionele en Khoisanleierskap, 2019 is deur die President op 20 November 2019 bekragtig. Die Departement het kragte saamgesnoer met die Departement van Plaaslike Regering en is tans besig met 'n studie van die bestuursverwante impak van die Wet en die daaropvolgende erkenning van San en Khoi Leierskap in gemeenskappe en hoe dit die organisatoriese struktuur van die Wes-Kaapse Regering gaan beïnvloed.

Die Departement van Basiese Onderwys het Gebaretaal as 'n huistaal in 2018 erken en na aanleiding van die aanbeveling van die Parlementêre Grondwetlike Hersienings-komitee, het president Ramaphosa in sy Staats-rede oor die Stand van die Nasie in 2020 verklaar dat gebaretaal die land se twaalfde amptelike taal gaan word. Die komitee sal dit noukeurig monitor en die saak verder ontleed en daarmee omgaan.

OMGEWINGSFAKTORE

Die stad lok baie mense wat 'n verskeidenheid tale praat en daar moet vir hulle voorsiening gemaak word in die gesondheidsektor, die polisie, die howe, ens. Die Komitee sal moet kyk hoe departemente hierdie probleem gaan takel.

4.2 Interne omgewing

PROFIEL VAN MENSLIKE HULPBRONNE

Die Wes-Kaapse Taalkomitee is ingevolge Artikel 6 van die Wes-Kaapse Provinciale Talewet, No. 13 van 1998, gestig. Kragtens die Wet word lede van die Komitee vir 'n termyn van drie jaar aangestel. 'n Maksimum van 11 lede mag in die Komitee aangestel word. Komiteelede word aangestel deur 'n proses van openbare benoeming en die opstelling van 'n kortlys. Hierdie proses word gefasiliteer deur die toepaslike Komitee in die Wetgewer, gevvolg deur aanstelling deur die LUR.

Die huidige Komitee het aanvanklik uit tien lede bestaan wat op 1 November 2018 aangestel is.

Gedurende die eerste deel van die oorsigjaar het twee lede uit die Komitee bedank. Dit was nie 'n goeie teken vir die doeltreffende funksionering van die Komitee nie, want die kundigheid en bydraes van 'n voltallige komitee is noodsaaklik vir die optimale funksionering van die Komitee. Die LUR het daarna drie bykomende lede in die Komitee aangestel. Gedurende die tweede deel van die jaar het nog drie lede bedank. Dit het beteken dat die Komitee op daardie stadium uit slegs agt lede bestaan het. Die Minister is gevra om die vakante poste as 'n saak van dringendheid te beskou en hulle so gou moontlik te vul.


Die WKTK het nie permanente personeel nie. Ingevolge artikel 17 van die Wes-Kaapse Provinciale Talewet, No. 13 van 1998, verleen amptenare in die Taaldienste-eenheid van die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport administratiewe ondersteuning aan die Komitee. HFB-steun verleen bystand met aankope en betalings wat betrekking het op lede en die aktiwiteite van die WKTK.

'n Spesiale vergadering is belê waartydens die WKTK-lede ingelig is oor die bevindings enregsaspekte wat betrekking het op die rolle en verantwoordelikhede van die Rekenpligtige Gesag van die Komitee. By die vergadering is 'n besluit deur die lede geneem dat die WKTK-voorsitter die verantwoordelikheid van 'n Rekenpligtige Gesag sou aanneem namens die openbare entiteit.

Die organisatoriese omgewing waarbinne die aktiwiteite van die Komitee bedryf word, word deur die onderstaande organogram uitgebeeld.

Ingevolge artikel 17 van die Wes-Kaapse Proviniale Talewet, 1998, verrig amptenare in die Taaldienste-eenheid van die Wes-Kaapse Departement van

Kultuursake en Sport die administratiewe werk van die WKTK. Die administratiewe werk behels die bestuur en tref van al die nodige reëlings vir die doeltreffende funksionering van die Komitee. Sekere finansiële funksies word deur DKES se Finansies-eenheid verrig.



Alle dokumente (notules, verslae, registers, ens.) van die WKTK word deur die Taaldienste-eenheid van die Departement van Kultuursake en Sport in stand gehou. Dokumente word in die aanlynstelsel vir elektroniese inhoudbestuur (EIB) gestoor vir veilige bewaring, maklike herwinning en institusionele geheue.

5. INSTITUSIONELE PROGRAM PRESTASIE-INLIGTING

PROGRAM: WES-KAAPSE TAALKOMITEE

Doeleind: Om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te monitor en daaroor advies te lewer.

5.1 Uitkomste, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	VIP-koppeling	Jaarteikens							
							Geraamde prestasie	MTUR-periode			
				2017/18	2018/19	2019/20		2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
Bemagtigde burgers en inklusieve en samehorige gemeenskappe	Opnames oor die implementering van die Taalbeleid of vraelyste of bewusmakingsveldtogene of opvolg-projekte voltooi	Getal aktiwiteite wat die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid monitor	1 en 3	2	1	1	1	1	1	1	1
Bemagtigde burgers en inklusieve en samehorige gemeenskappe	Projekte voltooi ter bevordering van inheemse tale	Getal projekte wat inheemse tale bevorder	1 en 3	Nuwe teiken	Nuwe teiken	Nuwe teiken	Nuwe teiken	1	1	1	
Bemagtigde burgers en inklusieve en samehorige gemeenskappe	Formele gesprekvoerings om die Wes-Kaapse Taalbeleid te implementeer	Getal formele gesprekvoerings om die Wes-Kaapse Taalbeleid te implementeer	1 en 3	6	6	6	6	6	6	6	6

5.2 Aanwysers, jaar- en kwartaalteikens: 2021/22

Uitset-aanwysers	Jaar-teiken	K1	K2	K3	K4
1.1 Getal aktiwiteite wat die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid monitor	1	-	1	-	-
1.2 Getal projekte wat inheemse tale bevorder	1	-	-	1	-
1.3 Getal formele gesprekvoerings om die WK Taalbeleid te implementeer	6	1	2	2	1

6. VERDUIDELIKING VAN DIE BEPLANTE PRESTASIE OOR DIE MEDIUMTERMYNTYDPERK

Die Komitee se jaarplan is daarop ingestel om by te dra tot die verwesenliking van bogenoemde doelwitte deur die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te bevorder, te monitor en daaroor advies te lewer deur spesifieke klem op die volgende:

- a. Bevordering van die ontwikkeling en die vooruitgang van gemarginaliseerde inheemse tale van die Wes-Kaap soos vervat in die Taalbeleid.
- b. Bou voort op die 2019/20-projekuitkomste van die Komitee oor die rol van taal in die vorming van kulturele identiteit.
- c. Die viering en bevordering van belangrike geselekteerde nasionale en internasionale taaldatums. Dit sluit Moedertaaldag (21 Februarie), Wêreld-boeke- en kopieregdag (23 April), Geletterdheidsdag (8 September), Gebaretaaldag (23 September), Erfenisdag (24 September) en Vertaaldag (30 September) in.
- d. Vierung en bevordering van nie-standaard dialektes soos Afrikaaps.
- e. Monitering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid deur provinsiale staatsdepartemente.
- f. Proaktiewe taalbewusmakingsveldtog deur die verspreiding van die Wes-Kaapse Taalbeleidboekie.

Die Sentrum vir die Studie van Geweld en Versoening (CSV) het ses gevallestudies regoor Suid-Afrika gedoen en gevind dat projekte wat met groter gemeenskapsdeelname beplan is, waarskynlik meer effekief sou wees in die bevordering van maatskaplike samehorigheid (Wes-Kaapse Regering Proviniale Strategiese Plan 2019 – 2024). Met die oog daarop sal die WKTK viering van internasionale

en nasionale taaldae fasiliteer. Deur middel van hierdie soort inisiatiewe sal die WKTK burgers betrek, moedertaal-taalgebruik bepleit, wat hulle in staat stel om deel te neem en hulself te bemagtig en dit sal maatskaplike samehorigheid bevorder en 'n gevoel van samehorigheid en identiteit skep. Dit sal bydra tot die uitkomste van die Wes-Kaapse Proviniale Strategiese Plan 2019 tot 2024.

Die komitee gaan ook die implementering van die Wes-Kaapse taalbeleid deur provinsiale staatsdepartemente monitor en aanbevelings doen om te verseker dat alle burgers in die Wes-Kaap toegang het tot staatsdienste in hul taal van keuse. Hierdie maatreëls gaan almal 'n bydrae lewer tot sosiale insluiting en veilige en samehorige gemeenskappe.

Die Komitee fokus ook as deel van hul pogings om veeltaligheid te bevorder op die bevordering van Gebaretaaltolk vir dowses. Gebaretaaltolk vir die dowe komiteelid word vir al die Komitee se vergaderings verskaf. Die Komitee se plan sluit 'n aktiwiteit in wat fokus op ten minste een aspek wat bewys lewer van die bevordering van Gebaretaal in die Wes-Kaap.

Die Komitee se aktiwiteite sluit samewerkingspogings met ander entiteite met soortgelyke mandate soos die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad en samesprekings met akademiese instellings wat werk op die gebied van taal verrig het in. Geleenthede gaan ondersoek word om toegang te verkry tot navorsingsinligting van ander provinsiale departemente soos die Departement van Onderwys om die werk van die Komitee uit te brei.

7. PROGRAM SE HULPBRONNOORWEGINGS

Die WKTK het sy aanwysers gewysig en het nou 'n nuwe onafhanklike aanwyser wat die bevordering van inheemse tale aanspreek. Dit beteken, benewens 'n aanwyser om die implementering van die Wes-Kaapse taalbeleid te monitor, dat die WKTK twee

projekte vir die jaar in plaas van een sou hê. Die Komitee sal dus addisionele geld benodig om aan hierdie teikens te voldoen, hoewel die Komitee ook van voorneme is om met ander belanghebbendes saam te werk om hulpbronne optimaal aan te wend.

Tabel: Begrotingstoekenning vir program en subprogramme volgens die ENE en/of EPRE.

Program	Geouditeerde uitkoms			Uitgawe-beraming	Mediumtermyn uitgaweberaming		
	2017/18	2018/19	2019/21		2021/22	2022/23	2023/24
R duisend							
Wes-Kaapse Taalkomitee	819	848	915	297	294	321	321
Subtotaal	819	848	915	297	294	321	321
Direkte heffings teen die Nasionale Inkomstefonds	-	-	-	-	-	-	-
Totaal	819	848	915	297	294	321	321
Lopende betalings	819	848	915	297	294	321	321
Vergoeding van werknemers							
Goedere en dienste waarvan:							
Kommunikasie							
Rekenaardienste							
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	42	56	103	100	95	96	96
Voorraad							
Onderhoud-, herstel- en lopende kostes							
Bedryfshuurkontrakte							
Reis en verblyf	14	11	10	18	23	25	25
Ouditgelde	95	58	91	89	96	98	98
Reklame							
* Ander	668	723	711	90	80	102	102
Rente en huur op grond							
Finansiële transaksies in bates en laste							
Oordragte en subsidies aan:	-	-	-	-	-	-	-
Provinsies en munisipaliteite							
Departementele agentskappe en rekening							
Universiteite en Technikons							
Openbare korporasies en private ondernemings							
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Nie-winsgewende instellings							
Huishoudings							
Betalings vir kapitaalbates	-	-	-	-	-	-	-
Geboue en ander vaste strukture							
Masjinerie en toerusting							
Bewerkte bates							
Sagteware en ander tasbare bates							
Grond en ondergrondse bates waarvan:							
Gekapitaliseerde vergoeding							
Totaal	819	848	915	297	294	321	321

*Sluit vergaderingstoelaes vir die Taalkomitee in.

8. BYGEWERKTE DEURSLAGGEWENDE RISIKO'S

Uitkoms	Deurslaggewende risiko	Versagting van risiko's
Bemagtigde burgers en inklusieve en samehorige gemeenskappe	Swak implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid deur provinsiale staatsdepartemente	Monitering van die implementering van die provinsiale taalbeleid
	Onvoldoende hulpbronne om mandaat na te kom	Werk saam met entiteite met soortgelyke mandate, bv. PanSAT

9. OPENBARE ENTITEITE

Nie van toepassing

10. INFRASTRUKTUURPROJEKTE

Nie van toepassing

11. OPENBARE-PRIVATE-VENNOOTSKAPPE

Nie van toepassing

Aanwysernommer	1.1							
Titel van aanwyser	Getal aktiwiteite wat die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid monitor							
Kort definisie	Monitoring van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid deur provinsiale departemente							
Doel	Om uitvoering te gee aan Artikels 6 en 9 van die Grondwet en die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet							
Bron van data	Opnames oor die implementering van die Taalbeleid/vraelyste/bewusmakingsveldtogene of opvolgprojekte							
Metode van berekening	Telling							
Berekeningstipe	<input type="checkbox"/> Kumulatief	<input type="checkbox"/> Jaareinde	<input type="checkbox"/> Jaar tot op hede	<input checked="" type="checkbox"/> Nie kumulatief				
Verslagsiklus	<input type="checkbox"/> Kwartaalliks	<input type="checkbox"/> Halfjaarlik	<input checked="" type="checkbox"/> Jaarlik	<input type="checkbox"/> Halfjaarlik				
Gewenste prestasie	<input type="checkbox"/> Oortref teiken	<input checked="" type="checkbox"/> Volgens teiken	<input type="checkbox"/> Teiken nie behaal nie					
Aanwyserver-antwoordelikheid	Verantwoordelikhedsbestuurder							
Ruimtelike transformasie	Ruimtelike transformasie-prioriteite: Nie van toepassing Beskrywing van ruimtelike impak:							
Ruimtelike konteks (Van toepassing waar produkte en dienste gelewer word, spesifiek aan die publiek)	<p>Getal liggings: <input type="checkbox"/> Enkele ligging <input checked="" type="checkbox"/> Verskeie liggings</p> <table border="1"> <tr> <td>Omvang: <input checked="" type="checkbox"/> Provinzial</td> <td><input type="checkbox"/> Distrik</td> <td><input type="checkbox"/> Plaaslike Munisipaliteit</td> <td><input type="checkbox"/> Wyk</td> </tr> </table> <p>Besonderhede/Adres/Koördinate: Aangewese gebied/e volgens projekplan</p>				Omvang: <input checked="" type="checkbox"/> Provinzial	<input type="checkbox"/> Distrik	<input type="checkbox"/> Plaaslike Munisipaliteit	<input type="checkbox"/> Wyk
Omvang: <input checked="" type="checkbox"/> Provinzial	<input type="checkbox"/> Distrik	<input type="checkbox"/> Plaaslike Munisipaliteit	<input type="checkbox"/> Wyk					
Opsomming van begunstigdes (Menseregtegroep, waar van toepassing)	<p>Teiken vir vroue: NVT Teiken vir jeug: NVT Teiken vir mense met gestremdhede: Ten minste een aktiwiteit om SA Gebaretaal te bevorder Teiken vir ouer persone: NVT</p>							
Herstelplan fokusgebiede	<input type="checkbox"/> Werksgeleenthede	<input type="checkbox"/> Veiligheid	<input checked="" type="checkbox"/> Welstand en waardigheid	<input type="checkbox"/> Geen koppeling				
Veronderstellings	Voldoende finansiële en menslike hulpbronne							
Verifikasiemiddel	Verslae							
Databeperkings	Eksterne belanghebbendes mag terugvoering vertraag							
Soort aanwyser	Is dit 'n diensleweringsaanwyser?							
	<input type="checkbox"/> Nee	<input type="checkbox"/> Ja, Direkte dienslewering	<input checked="" type="checkbox"/> Ja, indirekte dienslewering					
	Is dit 'n Vraaggedrewe aanwyser?							
	<input type="checkbox"/> Ja, vraaggedrewe		<input checked="" type="checkbox"/> Nee, nie vraaggedrewe					
Strategiese skakel na die PSP	VIP #: 1 & 3	<p>Fokusgebied: VIP #1: Verhoogde maatskaplike samehorighed en veiligheid van openbare ruimtes VIP #3: Onderwys en leer</p>						
	Uitset(te): Aantal opnames of vraelyste of bewusmakingsveldtogene of opvolgprojekte wat volgens die Wes-Kaapse taalbeleid uitgevoer is Intervensi(es): Bemagtig burgers om in hul moedertaal te kommunikeer							
COVID-19-koppeling	<input type="checkbox"/> Ja	<input checked="" type="checkbox"/> Nee	Brandpunt-tema: NVT					
	Brandpuntgebied: NVT							
JBP-verwysing	1.1							

Aanwysernommer	1.2							
Titel van aanwyser	Getal projekte wat inheemse tale bevorder							
Kort definisie	Bevordering van voorheen benadeelde tale in die provinsie							
Doel	Om uitvoering te gee aan Artikels 6 en 9 van die Grondwet en die Wes-Kaapse Talewet deur te fokus op die bevordering en gebruik van inheemse tale van die Wes-Kaap							
Bron van data	Opnames oor implementering van taalbeleid/vraelyste/ bewusmakingsveldtogte of opvolgprojekte							
Metode van berekening	Telling							
Berekeningstipe	<input type="checkbox"/> Kumulatief	<input type="checkbox"/> Jaareinde	<input type="checkbox"/> Jaar tot op hede	<input checked="" type="checkbox"/> Nie kumulatief				
Verslagsiklus	<input type="checkbox"/> Kwartaalliks	<input type="checkbox"/> Halfjaarlik	<input checked="" type="checkbox"/> Jaarlik	<input type="checkbox"/> Halfjaarlik				
Gewenste prestasie	<input type="checkbox"/> Oortref teiken	<input checked="" type="checkbox"/> Volgens teiken	<input type="checkbox"/> Teiken nie behaal nie					
Aanwyserver-antwoordelikheid	Verantwoordelikhedsbestuurder							
Ruimtelike transformasie	Ruimtelike transformasie-prioriteite: Nie van toepassing Beskrywing van ruimtelike impak:							
Ruimtelike konteks (Van toepassing waar produkte en dienste gelewer word, spesifiek aan die publiek)	<p>Getal liggings: <input type="checkbox"/> Enkele ligging <input checked="" type="checkbox"/> Verskeie liggings</p> <table border="1"> <tr> <td>Omvang: <input checked="" type="checkbox"/> Provinzial</td> <td><input type="checkbox"/> Distrik</td> <td><input type="checkbox"/> Plaaslike Munisipaliteit</td> <td><input type="checkbox"/> Wyk</td> </tr> </table> <p>Besonderhede/Adres/Koördinate: Aangewese gebied/e volgens projekplan</p>				Omvang: <input checked="" type="checkbox"/> Provinzial	<input type="checkbox"/> Distrik	<input type="checkbox"/> Plaaslike Munisipaliteit	<input type="checkbox"/> Wyk
Omvang: <input checked="" type="checkbox"/> Provinzial	<input type="checkbox"/> Distrik	<input type="checkbox"/> Plaaslike Munisipaliteit	<input type="checkbox"/> Wyk					
Opsomming van begunstigdes (Menseregtegroep, waar van toepassing)	<p>Teiken vir vroue: NVT Teiken vir jeug: NVT Teiken vir mense met gestremdhede: Ten minste een aktiwiteit om SA Gebaretaal te bevorder Teiken vir ouer persone: NVT</p>							
Herstelplan fokusgebiede	<input type="checkbox"/> Werks-geleenthede	<input type="checkbox"/> Veiligheid	<input checked="" type="checkbox"/> Welstand en waardigheid	<input type="checkbox"/> Geen koppeling				
Veronderstellings	Voldoende finansiële en menslike hulpbronne							
Verifikasiemiddel	Verslae							
Databeperkings	Eksterne belanghebbendes mag terugvoering vertraag/Bywoning kan nie gewaarborg word nie, want dit is per uitnodiging en vrywilliglik							
Soort aanwyser	Is dit 'n diensleweringaanwyser?							
	<input type="checkbox"/> Nee	<input type="checkbox"/> Ja, Direkte dienslewering	<input checked="" type="checkbox"/> Ja, indirekte dienslewering					
	Is dit 'n Vraaggedreve aanwyser?							
	<input type="checkbox"/> Ja, vraaggedreve		<input checked="" type="checkbox"/> Nee, nie vraaggedreve					
Strategiese skakel na die PSP	VIP #: 1 & 3	<p>Fokusgebied: VIP #1: Verhoogde maatskaplike samehorigheid en veiligheid van openbare ruimtes VIP #3: Onderwys en leer</p>						
	Uitset(te): Aantal inheemse taalbevorderingsprojekte wat voltooi is Intervensie(s): Bemagtig burgers om in hul moedertaal te kommunikeer							
COVID-19-koppeling	<input type="checkbox"/> Ja	<input checked="" type="checkbox"/> Nee	Brandpunt-tema: NVT					
JBP-verwysing	1.2							

Aanwysernommer	1.3							
Titel van aanwyser	Getal formele geleenthede om die Wes-Kaapse Taalbeleid te implementeer							
Kort definisie	Vergaderings gehou om taalsake te identifiseer/te bespreek in ooreenstemming met die Wes-Kaapse taalbeleid							
Doel	Om die Minister in te lig aangaande kwessies in verband met taalsake in die Wes-Kaap om hom of haar in staat te stel om ingeligte besluite te neem en om doeltreffende implementering van die Taalbeleid te verseker							
Bron van data	Verslae, notules van voltallige en subkomiteevergaderings							
Metode van berekening	Telling							
Berekeningstipe	<input type="checkbox"/> Kumulatief	<input type="checkbox"/> Jaareinde	<input type="checkbox"/> Jaar tot op hede	<input checked="" type="checkbox"/> Nie kumulatief				
Verslagsiklus	<input type="checkbox"/> Kwartaalliks	<input type="checkbox"/> Halfjaarlik	<input checked="" type="checkbox"/> Jaarlik	<input type="checkbox"/> Halfjaarlik				
Gewenste prestasie	<input type="checkbox"/> Oortref teiken	<input checked="" type="checkbox"/> Volgens teiken	<input type="checkbox"/> Teiken nie behaal nie					
Aanwyserver-antwoordelikheid	Verantwoordelikheidsbestuurder							
Ruimtelike transformasie	Ruimtelike transformasie-prioriteite: Nie van toepassing Beskrywing van ruimtelike impak:							
Ruimtelike konteks (Van toepassing waar produkte en dienste gelewer word, spesifiek aan die publiek)	<p>Getal liggings: <input type="checkbox"/> Enkele ligging <input checked="" type="checkbox"/> Verskeie liggings</p> <table border="1"> <tr> <td>Omvang: <input checked="" type="checkbox"/> Provinzial</td> <td><input type="checkbox"/> Distrik</td> <td><input type="checkbox"/> Plaaslike Munisipaliteit</td> <td><input type="checkbox"/> Wyk</td> </tr> </table> <p>Besonderhede/Adres/Koördinate: DKES-hoofkantoor, Protea Assuransie-gebou, Groentemarkplein, Kaapstad</p>				Omvang: <input checked="" type="checkbox"/> Provinzial	<input type="checkbox"/> Distrik	<input type="checkbox"/> Plaaslike Munisipaliteit	<input type="checkbox"/> Wyk
Omvang: <input checked="" type="checkbox"/> Provinzial	<input type="checkbox"/> Distrik	<input type="checkbox"/> Plaaslike Munisipaliteit	<input type="checkbox"/> Wyk					
Opsomming van begunstigdes (Menseregtegroep, waar van toepassing)	<p>Teiken vir vroue: NVT Teiken vir jeug: NVT Teiken vir mense met gestremdhede: Bywoning en deelname van dowe lid Teiken vir ouer persone: NVT</p>							
Herstelplan fokusgebiede	<input type="checkbox"/> Werks-geleenthede	<input type="checkbox"/> Veiligheid	<input checked="" type="checkbox"/> Welstand en waardigheid	<input type="checkbox"/> Geen koppeling				
Veronderstellings	Voldoende finansiële en menslike hulpbronne							
Verifikasiemiddel	Verslae, notules van voltallige en subkomiteevergaderings							
Databeperkings	Gebrek aan kworum by vergaderings							
Soort aanwyser	Is dit 'n diensleweringsaanwyser?							
	<input type="checkbox"/> Nee	<input type="checkbox"/> Ja, Direkte dienslewering	<input checked="" type="checkbox"/> Ja, indirekte dienslewering					
	Is dit 'n Vraaggedrewre aanwyser?							
	<input type="checkbox"/> Ja, vraaggedrewre		<input checked="" type="checkbox"/> Nee, nie vraaggedrewre					
Strategiese skakel na die PSP	VIP #: 1 & 3	<p>Fokusgebied: VIP #1: Verhoogde maatskaplike samehorighed en veiligheid van openbare ruimtes VIP #3: Onderwys en leer</p>						
	Uitset(te): Getal vergaderings om taalsake te identifiseer en te bespreek Intervensie(s): Bemagtig burgers om in hul moedertaal te kommunikeer							
COVID-19-koppeling	<input type="checkbox"/> Ja	<input checked="" type="checkbox"/> Nee						
	Brandpunt-tema: NVT		Brandpuntgebied: NVT					
JBP-verwysing	1.3							

BYLAE A: WYSIGINGS AAN DIE STRATEGIESE PLAN

Nie van toepassing

BYLAE B: VOORWAARDELIKE TOEKENNINGS

Nie van toepassing

BYLAE C: GEKONSOLIDEERDE AANWYSERS

Nie van toepassing



**URhulumente
weNtshona Koloni**
ImiCimbi yeNkubeko
nezemiDlalo



Western Cape Language Committee
Wes-Kaapse Taalkomitee
IKomiti yeeLwimi yeNtshona Koloni

ISicwangciso sokuSebenza soNyaka

2021/2022

OKUQULATHIWEYO

INTETHO YEGUNYA ELILAWULAYO	2
INTETHO YEGUNYA ELINKA INGXELO	2
UTYIKITYO OLUSESIKWENI	3
IZISHUNQUELO	4
ICANDELO A: UMYALELO WETHU	5
1. IMIYALELO YOHLAZIYO KWEZOMTHETHO KUNYE NEMIGAQO-NKQUBO	5
1.1 Amagunya oMgaqo-siseko	5
1.2 Imiyalelo yomthetho	6
1.3 Imiyalelo yomgaqo-nkqubo	7
2. UKUHLAZIYWA KWEMIGAQO-NKQUBO NEZICWANGCISO ZEZIKO	8
3. IZIGWEBO ZENKUNDLA EZIFANELEKILEYO	8
ICANDELO B: IQHINGA ESIGXILE KULO	9
4. UHLAHLELO LWESIMO ESIHLAZIYIWEYO	9
4.1. Uhlahlelo Iwesimo sangaphandle	9
4.2. Imeko yangaphakathi	10
ICANDELO C: UKULINGANISELA UMSEBENZI WETHU	12
5. ULWAZI NGOMSEBENZI WENKQUBO YEZIKO	12
5.1. Iziphumo, limveliso, Izalathisi zokusebenza kunye neeZinto ekuJoliswe Kuzo	12
5.2. Izalathisi, Izinto ekuJoliswe Kuzo zoNyaka nezeKota	12
6. INGCACISO YEMISEBENZI EYILELWE NGEXESHA LEKOTA EPHAKATHI	13
7. UKUQWALASELWA KWEZIBONELELO ZENKQUBO	13
8. UMNGCIPHEKO OPHAMBILE OHLAZIYIWEYO	15
9. AMAZIKO KARHULUMENTE	15
10. IIPROJEKTHI ZEZISEKO ZOPHUHLISO	15
11. INTSEBENZISWANO PHAKATHI KUKARHULUMENTE NAMAZIKO AZIMELEYO	15
ICANDELO D: IINKCAZO ZESALATHISI SOBUGCISA	16

INTETHO YEGUNYA ELILAWULAYO

NgeKomiti yoLwimi yeNtshona Koloni (iWCLC), iSebe leMicimbi yeNkcubeko neMidlalo lenze inkqubela engaguquguqukiyo ekukhuthazeni ukusetyenzisa kweelwimi ezininzi kweli phondo ukuphucula unikezelo lweenkonzo kwanofikeleko kubo bonke abalibiza njengekhaya. Ukufezekisa umyalelo wabo, iWCLC ilincedisile iSebe ekufezekiseni umbono wethu weNtshona Koloni ebandakanya uluntu, ubuchule bokuyila, olusebenzayo noludibeneyo lweNtshona Koloni.

Ngexesa apho unxibelewano lungundoqo ekunqandeni ukusasazeka kwentsholongwane iCOVID-19, phantsi komylelo wayo, iWCLC iyakuba negalelo kwimpendulo yethu yephondo ekuquuzeleleni ukuphunyeza nokubeka iliso kuMgaqo-nkqubo woLwimi weNtshona Koloni kwaye iyakuthi icebise uMphathiswa ngemiba yolwimi kwiphondo. Njengokuba ulwimi luyinxalenye yokuzazi nenkcubeko, igalelo leKomiti libekwe kwindawo ephezulu njengoko lisebenza ekudaleni amathuba amakhulu okudityaniswa kwezentlalo kananjalo nokwandisa ukufikelela kwiinkonzo ezinikezelwa nguRhulumente weNtshona Koloni.

Esi siCwangciso sokuSebenza soNyaka sjolise ekusebenzeni koMthetho weeLwimi wePhondo leNtshona Koloni, uMthetho we-13 we-1998, kunye noMgaqo-nkqubo woLwimi weNtshona Koloni. Ikwanika ingcaciso ngamanyathelo abekiwego okuphumeza iinjongo zescwangciso-qhinga seWCLC kunye nombono wokuqhabela phambili ukuxhobisa bonke abantu bephondo ngolwimi ukuphucula isidima somntu nokudityaniswa kwezentlalo ngokuhloniphana nokukhuthaza ukusetyenzisa kweelwimi ezininzi.

Ngokubambisana neWCLC, ngokusebenzisa amagalelo asebenzisanayo noluntu, abasebenzi, abachaphazelekayo bangaphandle kanye namaqabane acwangcisiwego, esi sicwangciso saphuhliswa ukuze sisebenze njengesikhokelo esisemthethweni seKomiti yoLwimi yeNtshona Koloni kanye neSebe kulo nyaka uzayo. Ndijonge phambili ekuboneleleni ngenqubela phambili kwezopolitiko ezifunekayo ukukhuthaza intando yesinanzi ngokweelwimi ezifunekayo ukumanya iyantlukwano yeNtshona Koloni.

AMarais Sx

ANROUX MARAIS

Igunya elilawulayo leKomiti yeeLwimi yeNtshona Koloni (WCLC)

INTETHO YEGUNYA ELINKA INGXELO

Esi sicwangciso siza kuphunyeza ngeli xesha ikomiti yangoku isebenza unyaka wokugqibela eofisini-kude kube yeyeDwarha kowama-2021.

